



Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding die beste advies te gee.

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.

**Een van die hoekstene van Laeveld Agrochem se sukses is vennootskap. Vir ons is dit meer as net 'n mooi woord. Vennootskap is 'n aksie wat ons deur dik en dun toepas; 'n belofte wat ons nakom – van die eerste foonoproep tot die laaste besoek.**

### Besigheidsbestuurder: Wes-Kaap

#### Eric Venter

Eric is half Kapenaar en half Pretorianer. Hy is gebore in Pretoria en het aan Hoërskool Menlopark gematrikuleer, waar hy gimnastiek, rugby en krieket beoefen het. Maar hy bevind homself nou al jare in die Kaap. Hy is een van vyf kinders en hulle is 'n baie hegte familie, boonop leef sy ma van 90 nog. Schya Pixie, sy 14-jarige dogter, is sy hart se punt.

Na skool het Eric 'n Nasionale Diploma in Landbou (Plantsiektekunde) en sy CropLife-kwalifikasie (AVCASA) verwerf. Met uitgebreide ervaring, sluit sy werksloopbaan poste as Plantsiekte-technoloog by Letaba Estates en Tegniese Beampte by Patensie Sitrus Koöp in. Verder het hy 13 jaar vir FBC/Schering/Agrevo gewerk en was hy Tegniese Bestuurder vir die Suider-Afrikastreek toe hy hul diens verlaat het. Hy het die onderneming Eric Chemkonsult, wat vandag as Nexus 15 bekendstaan, in 1998 begin.

**Hy het goeie kennis van die meeste landbougewasse, maar spesialiseer in tafeldruiwe, steenvrugte, kleingraan en sitrus. Sy ander passies is biologiese boerdery en presisiestelsels.**

Eric skryf en maak musiek, en hou ook daarvan om interessante kosse te maak. Verder geniet hy lang staptogte, lekker braai, kuier saam met vriende, die teater en reis. Hy praat Afrikaans, Engels en 'n werkbare Frans.

Sy groot liefde vir die Karoo, skryf hy aan sy ma toe, wat naby Aberdeen in die Oos-Kaap grootgeword het. *Road-trips* na afgeleë plekke is vir hom net so lekker soos eksotiese reise oorsee.

Volgens Eric is dit 'n voorreg om vanaf die pragtige Riebeeck-Kasteel, wat alreeds vir 22 jaar sy tuiste is, te werk. Hy beskryf die Wes-Kaap as sy "speelveld".

**"Laeveld Agrochem het baie om te bied en ek sien uit om die besigheidsmodel hier te vestig, tot voordeel van huidige en toekomstige kliënte. Die Wes-Kaapse landbouers is passievol oor wat hulle doen en ek deel daardie passie." vertel hy.**

Eric glo 'n landbouchemiese agent speel 'n groot rol in die lewe van 'n boerdery en dat dit nie gou gaan verander nie. *"Dit gaan vir my 'n lekker uitdaging wees om goeie mensekennis, tegniese kennis en my kennis die unieke gewasuitdagings in die Wes-Kaap te kombineer. Dit moet uiteindelik 'n wen-wensituasie vir al die rolspelers te verseker."*

**Die landboubedryf het hom geleer om naby aan die natuur te leef, vertel hy, en altyd te weet dat al die gawes van reën, grond en groei uit die Skepper se Hand kom.**

**GEWASSE:** Meeste landbougewasse, tafeldruiwe, steenvrugte, kleingraan en sitrus

**AANBIEDING:** Oes-beskerming, plantvoeding, presisiendienste

**Vir professionele advies: Tel: 082 853 4377 E-pos: eric@laeveld.co.za**